**Abraham sterf (OP159)**

**Gen 25:1-11**

**17 Desember 2023**

Laasweek het ons gekyk na die Here wat Rebekka vir Isak as vrou gegee het. Ons het gesien dat daar in hierdie gebeure 4 opvallende aspekte was wat gelyktydig besig was om plaas te vind: In die eerste plek het die gebeure daartoe bygedra dat die groter prentjie van die Here se openbaringsgeskiedenis vorentoe beweeg het – die gebeure het dit duidelik gemaak dat Abraham se nageslag wel deur Isak gaan groei, soos wat die Here vantevore beloof het, maar nou was dit duidelik dat dit sal gebeur deur Rebekka as Isak se vrou. In die tweede plek het ons gesien hierdie vooruitgang het gebeur te midde van 'n verskeidenheid individue wat gehoorsaam opgetree het in ooreenstemming met die Here se wil – dit was waar van Abraham, sy slaaf, Rebekka se familie, Rebekka en Isak. In die derde plek was dit duidelik dat verskeie van hierdie persone verstaan het hoe afhanklik hulle van die Here was – ons het dit by Abraham gesien wat vertrou het die engel van die Here sal sy slaaf vooruit gaan, en ook by die slaaf, wat verskeie kere in gebed voor die Here was. In die vierde plek het ons gesien dat die Here telkens voorsien het op wonderbaarlike wyse, wat die mense wat betrokke is bemoedig het om voort te gaan. Dink maar aan Abraham wat vooraf ingelig was oor Nahor se nageslag, die slaaf vir wie die Here direk na die regte put en die regte vrou gelei het, Rebekka se ongelowige familie wat op grond van die feite van die saak oortuig was dit was die Here se wil dat sy Isak se vrou moes word, en natuurlik ook Rebekka en Isak wat oortuig was dat hulle deur die Here vir mekaar bedoel was.

Sedert ons na Gen 22 gekyk het, waar Abraham vir Isak moes gaan offer het, het ek telkens die opmerking gemaak ons is besig om die einde van die werk van die Here deur Abraham te bereik. Sedertdien het ons in Gen 23 gesien dat Sara gesterf het, en in Gen 24 dat Isak met Rebekka getroud is, en dat die fokus besig was om weg te skuif van Abraham af na Isak toe. Wel, vandag kom ons by Gen 25:1-11 en ons bereik werklik die eindpunt van die Here se werk deur Abraham – ons lees onder andere in hierdie verse dat Abraham sterf. Hiermee saam bereik ons ook die einde van die sesde toledot in die boek Genesis. Hierdie toledot het in Gen 11:27 begin en eindig in Gen 25:11 – dit handel oor die familiegeskiedenis van Tera, wat Abraham se pa was – maar die fokus is bykans uitsluitlik op Abraham, Tera se seun. In Gen 25:11 begin die sewende toledot – dit handel oor die familiegeskiedenis van Ismael. Ek wil graag Gen 25:1-11 bespreek onder die volgende hoofpunte: (1) Abraham se nageslag saam met Ketura (verse 1-6), en (2) Abraham se dood (verse 7-11). Daarna wil ek 'n paar opsommende opmerkings maak oor die Here se werk deur Abraham.

<u>Abraham se nageslag saam met Ketura (Gen 25:1-6)</u>

Gen 25:1 begin met die stelling dat Abraham weer 'n vrou geneem het, en haar naam was Ketura. Vers 1 verwys na Ketura as Abraham se vrou, maar in 1 Kron 1:32 word na haar verwys as Abraham se byvrou. Verder verwys Gen 25:6 na Abraham se byvroue – ons weet natuurlik alreeds van een byvrou, naamlik Hagar, wat Sara se slavin was en by wie Abraham Ismael verwek het. Maar vers 6 verwys na "byvroue" – meervoud. As ons 1 Kron 1:32 in gedagte hou, dan lyk dit of die byvroue waarvan gepraat word na Hagar en Ketura verwys – en dit lyk dus of Ketura nie 'n volwaardige vrou vir Abraham was nie, maar wel slegs 'n byvrou.

Gen 25:2-4 gee vir ons die detail van die nageslag wat Abraham by Ketura gehad het. Ons lees van ses seuns: Simran, Joksan, Medan, Midian, Jisbak en Suag. Boonop lees ons van kleinseuns by twee van hierdie seuns: Joksan het twee seuns gehad – Skeba en Dedan, en Midian het vyf seuns gehad – Efa, Efer, Ganog, Abida en Eldaä. In totaal lees ons van sewe kleinseuns. En dan lees ons ook nog van

Dedan, een van die kleinseuns, se nageslag – die Assuriete, Letusiete en Leümiete. Opsommend: 6 seuns, 7 kleinseuns en 3 agterkleinseuns.

Ek glo julle gaan saamstem: Dit alles is ietwat onverwags. Tot dusver was die fokus op Isak as Abraham en Sara se kind – die kind van die belofte. En daar was ook fokus op Ismael – die kind by die byvrou, Hagar, wat op natuurlike manier verwek is. Maar nou is daar skielik nog 6 seuns, plus kleinseuns en agterkleinseuns!

Vers 1 sê: "Abraham het weer 'n vrou geneem". Ek moet bely, ek het dit tot dusver verstaan dat Abraham, na die afsterwe van Sara, weer 'n vrou geneem het. Maar verskeie kommentatore maak die punt dat dit eerder beteken Abraham het "iewers in die verlede" weer 'n vrou geneem. Miskien is dit die beste as ons na die Engels kyk: Kommentatore reken die beste vertaling is nie "Abraham <u>took</u> another wife" nie, maar eerder "Abraham <u>had taken</u> another wife". Dit sou beteken dat Abraham Ketura al geruime tyd gelede as vrou, oftewel as byvrou, geneem het. Dit beteken dat Gen 25:1-6 nie noodwendig chronologies inpas na Sara se dood in Gen 23 en na Isak en Rebekka se troue in Gen 24 nie. Daar is 'n paar leidrade in die teks wat so 'n siening ondersteun. Kyk na die volgende:

- Ons weet Isak is gebore toe Abraham 100 jaar oud was (Gen 21:5). Ons weet ook Sara het gesterf op 'n ouderdom van 127 jaar (Gen 23:1), m.a.w. toe Abraham 137 jaar oud was. Isak is met Rebekka getroud toe hy 40 jaar oud was (Gen 25:20) – m.a.w. toe Abraham 140 jaar oud was. Isak was 60 jaar oud toe Jakob en Esau gebore is – m.a.w. toe Abraham 160 jaar oud was, dus 15 jaar voor Abraham gesterf het op 'n ouderdom van 175 jaar. En tog word die geboorte van Jakob en Esau in Gen 25 beskryf na die beskrywing van Abraham se dood. Die punt is: die gebeure word nie noodwendig chronologies beskryf nie. Daarom kan dit ook ten minste in beginsel moontlik wees dat Abraham nie noodwendig Ketura eers as vrou geneem het na Sara se dood, en Isak en Rebekka getroud is nie.
- Onthou ook Gen 17:17. Hier het die Here aan Abraham beloof dat Sara oor 'n jaar vir Abraham 'n seun sou baar. En toe het Abraham uitgeroep: "Kan daar vir 'n honderdjarige 'n kind gebore word?" Bo en behalwe die feit dat Sara tot op daardie stadium onvrugbaar was en self al 90 jaar oud was, was Abraham stom geslaan dat hyself op die ouderdom van 100 jaar 'n kind sou hê. Hy was oortuig dit sou 'n spesiale werk van die Here vra vir hom om op 'n ouderdom van 100 jaar 'n kind te verwek. As Abraham met Ketura getroud is eers nadat Isak en Rebekka getroud is, betken dit Abraham was ten minste 140 jaar oud – en toe het hy 6 seuns by Ketura verwek! Dit sou 'n nog groter werk van die Here moes vra. Dit sou beteken daardie ses seuns by Ketura is nog meer spesiaal as Isak – en die hele konteks skep die indruk dat dit nie die geval is nie.

Dit lyk dus of Abraham vir Ketura as byvrou geneem het voordat Sara oorlede is. Waltke spekuleer daaroor dat die rede waarom Hagar as byvrou wel vroeër in die beskrywing van die Abraham se geskiedenis ingesluit is, was omdat sy met Sara geïdentifiseer is en 'n nou band met Sara gehad – sy was Sara se slavin. Dit was nie waar van Ketura nie, en daarom is sy nie vroeër genoem nie. Hoekom word Ketura dan nou wel in Gen 25 genoem? Wel, let daarop dat die beskrywing van Abraham se dood in Gen 25, omarm word deur die beskrywing van sy fisiese afstammelinge: die nageslag van Ketura gaan dit vooraf, en die nageslag van Hagar en Ismael volg daarna. En soos wat ons nou sal sien het Abraham 'n duidelike onderskeid gemaak tussen hierdie fisiese afstammelinge van Abraham, en Isak – die kind van die belofte.

Verse 5-6 beskryf vir ons twee maniere waarop Abraham onderskeid gemaak het tussen Isak en sy kinders by sy byvrouens:

- Abraham het alles wat aan hom behoort het aan Isak gegee, terwyl hy aan die seuns van sy byvroue net geskenke gegee het. Let op, Abraham het dit tydens sy lewe al so bepaal. In Gen 24:36 het Abraham se slaaf dit al aan Rebekka se familie verduidelik – en dit was ten minste 35 jaar voor Abraham gesterf het. Onthou dit was al die geskil tussen Abraham en Sara in Gen 21:10 toe Ismael vir Isak gelag het – daar het die Here bevestig wat Sara geëis het: dat Ismael nie saam met Isak mag erf nie. Nou, as ons lees dat Isak alles geërf het, beteken dit sekerlik al die fisiese rykdom waarmee die Here Abraham geseën het – uitgesonderd natuurlik die geskenke wat hy aan sy byvrouens se seuns gegee het. Maar meer belangrik – dit beteken die beloftes van die Here aan Abraham sou dus spesifiek oorgedra word aan Isak: Dit sou deur Isak wees wat die nageslag van Abraham, meer spesifiek: wat die ware nageslag van Abraham, sou groei. Verder, die belofte van die land sou juis realiseer vir die nageslag van Isak – al sou dit eers 400 jaar later realiseer.
- Dit loop hand aan hand met die tweede onderskeid wat Abraham gemaak het tussen Isak en die seuns van sy byvrouens: hy het tydens sy lewe die seuns van sy byvrouens weggestuur weg van Isak af – soos wat ons in Gen 21 gelees het hy Hagar en Ismael weggestuur het. Ons lees hy het hulle weggestuur na die land van die ooste toe – dit beteken waarskynlik hy het hulle weggestuur na die landstreek wat oos van Kanaän geleë was, dus na Arabië toe.

Ons mag dit ontstellend vind dat Abraham die meeste van sy seuns weggestuur het – en net Isak oorgehou het. Maar ons moet onthou ons het hier met openbaringsgeskiedenis te doen – die Here wil hierdeur sekere beginsels van Sy groot verlossingsplan kommunikeer. Sou hierdie wegstuur van Abraham se byvrouens se seuns beteken hulle is vir ewig uit God se verlossingsplan uitgesluit?

- Blaai saam met my na Jes 60 toe. Hierdie hoofstuk het die opskrif “Heerlikheid van Jerusalem”. Lees eers saam met my verse 18-20. Ek glo dit is duidelik dat ons hier ‘n beskrywing het van die Nuwe Jerusalem – hier is baie ooreenkomste met die beskrywing van die Nuwe Jerusalem in Op 21. Met dit in gedagte, lees nou Jes 60:6. Hier lees ons van kamele en mense wat uit Midian en Efa en Skeba sal kom – maar hulle is almal deel van die nageslag van Abraham en Ketura, wat Abraham weggestuur het! Nou kom hulle juis na die Nuwe Jerusalem toe – met goud en wierook, terwyl hulle die lofwaardigide dade van die Here verkondig. Dit is in lyn met Op 21:24 waar ons lees dat die konings van die aarde hulle heerlikheid na die Nuwe Jerusalem sal bring. Dit alles is natuurlik die gevolg van die feit dat die Here Jesus met Sy hemelvaart Sy dissipels uitgestuur het om die evangelie aan al die nasies te gaan verkondig – insluitend ook aan die nageslag van Abraham en sy byvrouens. Hulle hoef dus nie noodwendig almal verlore te gaan nie: diegene wat tot geloof kom sal ook gered word – soos Abraham en Isak.
- Lees Luk 15:31-32. Hierdie is die gelykenis van die pa en sy twee seuns. Die jongste seun het van sy pa weggeloop, en na verloop van tyd berou gekry, en besluit om na sy pa terug te gaan. Sy pa het hom met ope arms ontvang, en daarom sê hy vir sy oudste seun oor sy jongste seun: “Ons moet feesvier en bly wees, want jou broer was dood, en hy het lewendig geword. Hy was verlore en is weer gevind.” Kidner skryf hieroor en sê dit is wat ten minste met sommige van die nageslag van Abraham en sy byvrouens sal gebeur – op voorwaarde hulle kom tot geloof.

<u>Abraham se dood (Gen 25:7-11)</u>

Lees Gen 25:7-11. Ons lees dat Abraham gesterf het op ‘n hoë ouderdom van 175 jaar. Dit is in lyn met wat die Here aan hom beloof het in Gen 15:15: “Wat jou betref, jy sal in vrede na jou voorouers gaan en op ‘n hoë ouderdom begrawe word.” Abraham het ‘n vol lewe gehad: Ons het Abraham ten

minste 'n honderd jaar gelede ontmoet in Ur van die Chaldeërs as 'n afgodsdienaar. Daar het die Here hom geroep, en verreikende beloftes aan hom gemaak. Abraham het die Here geglo. Die Here het vir hom geregtigheid gegee. Die Here het 'n verbond met hom gesluit wat 'n ewige verbond is – wat vandag nog in plek is. Die Here het hom die vader van die gelowiges gemaak. Die Here het hom laat verstaan Sy beloftes aan hom strek verder as sy lewe hier op aarde – Abraham het verstaan hy kan 'n hemelse stad verwag waarvan God self die argitek en boumeester is. En nou, na 'n lewe van 175 jaar, kon Abraham in vrede sterf. Ja, die beloftes van die Here was nog maar tot 'n geringe mate vervul – maar Abraham kon in vrede sterf wetende dat hy sal deel in die volle vervulling daarvan.

Vers 7 sê Abraham is by sy mense verenig met sy dood, terwyl vers 8 sê Isak en Ismael het hom begrawe in die grot van Magpela. Die feit dat Abraham by sy mense verenig is met sy dood kan nie dieselfde wees as die feit dat hy begrawe is in die grot van Magpela nie. Onthou, op daardie stadium was nog net Sara in die grot begrawe – dit kon dus nie in die grot wees waar hy met sy mense verenig is nie. Dit was bloot sy liggaam wat daar saam met Sara se liggaam ter ruste gelê is. Nee, Abraham se siel is verenig met al die gelowiges wat voor hom oorlede is – met die siele van mense soos Adam, Abel, Set en Noag, om maar net 'n paar te noem. Hulle is verenig – in die hemel, om die troon van die Here, waar hulle wag op die volle nageslag van Abraham om saam met hulle daar bymekaar te kom. Soos wat Heb 11:13 sê: "Hulle het in die geloof gesterf sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit van ver af gesien en verwelkom, en bely dat hulle uitlanders en vreemdelinge op die aarde was". Ja, hier op aarde het Abraham maar min gesien van die vervulling van die beloftes: Van die land het hy net 'n put en 'n graf besit. Van die groot ware nageslag het hy Isak en Jakob gesien. Maar nou wag hy saam met die ander afgestorwe gelowiges op die stad wat fondamente het, waarvan God die argitek en boumeester is. Abraham het in vrede met God gesterf, en met hoop op die volle vervulling van die Here se beloftes. En die grot van Magpela is 'n simbool van hoop vir die gelowiges wat nog op aarde leef.

Genadiglik sluit hierdie toledot af met die feit dat die Here Isak geseën het na die dood van Abraham. Die verlossingsplan van die Here gaan voort – ondanks die feit dat mense sterf, selfs ondanks die feit dat iemand soos Abraham sterf. Die verlossingsplan van die Here is groter as die bydrae van een persoon.

<u>Opsomming van die Here se werk deur Abraham</u>

Na 20 preke en bietjie meer as 4 maande, bereik ons die einde van ons bestudering van die werk van die Here deur Abraham. Ek wil graag baie kortliks die groot openbaringswaarhede wat na vore gekom het in die geskiedenis oor Abraham, opsom:

In die verbond met Noag het ons gesien dat die Here genadetyd geskep het, deurdat Hy Sy oordeel tydelik uitgestel het tot met die voleinding van die tye. Die doel van die verbond met Abraham is dat die Here deur Sy handelinge met Abraham aan ons wil begin verduidelik hoe Hy hierdie genadetyd gaan gebruik om by Sy oorspronklike doel met die skepping uit te kom – naamlik, dat die ganse skepping gevul sal wees met Sy heerlikheid.

Uit die werk van die Here met Abraham verstaan ons meer van daardie einddoel: dit sal bestaan uit 'n groot menigte mense, hulle is die ware nageslag van Abraham, so baie soos die sterre aan die hemel. En hulle sal woon in die beloofde land – wat ons begin verstaan meer is as die fisiese beloofde land Kanaän, Abraham het immers 'n hemelse stad verwag. Ons het ook geleer dat die volle vervulling hiervan lank gaan neem – selfs net die vervulling van die fisiese beloofde land sou 400 jaar neem, wat nog te sê van die volle vervulling.

Ons het ook geleer dat nie alle mense deel gaan wees van hierdie heerlike einddoel nie – dit gaan net die ware nageslag van Abraham wees. Ons het geleer wie hierdie mense is – hulle is die kinders van die belofte. Hulle is die mense wat die Here gaan roep, soos wat Hy Abraham geroep het. Hy gaan hulle roep, en dan gaan Hy Sy beloftes voor hulle plaas. Diegene wat die Here en Sy beloftes glo, hulle sal deel wees van die ware nageslag van Abraham. Maar selfs hierdie mense is sondaars wat in ongeregtigheid geleef het. Maar as hulle glo – dan gee die Here eenvoudig aan hulle geregtigheid, en as hulle hierdie geregtigheid ontvang het, kan hulle verwag om in vrede te sterf – selfs al is die beloftes van die Here nog nie volledig vervul nie.

Maar waar kom hierdie geregtigheid vandaan wat die Here aan die wat glo sal gee? Wel, die Here het aan Abraham gewys dat Hy geregtigheid gaan bewerk deur 'n Plaasvervanger – 'n Plaasvervanger wat in die plek van die gelowiges sal sterf, soos daardie ram wat in die plek van Isak gesterf het. Ons weet nog nie presies wie die Plaasvervanger is op hierdie stadium van die openbaringsgeskiedenis nie, maar ons weet die beginsel is dat Hy 'n plaasvervangende offer sal bring, wat vir hulle geregtigheid sal bewerk, wat vir die gelowiges gegee sal word.

Maar wat verwag die Here nou van hierdie gelowiges wat hierdie geregtigheid ontvang het? Die Here verwag van hulle om onberispelik voor Hom te leef, oftewel om in geregtigheid voor Hom te leef. Was Abraham suksesvol hierin? Nee, hy het verskeie kere gefaal in kleingeloof. Maar terselfdertyd is dit ook duidelik hoe hy met verloop van tyd wel gegroei het in 'n geregtige lewe – selfs tot op die punt waar hy bereid was om Isak, sy geliefde seun, te offer. Wat ons egter nog nie mooi verstaan nie, is wat die Here se standaard is vir 'n lewe in geregtigheid nie, en ook nog nie hoe hierdie groeiproses werk om suksesvol te groei in 'n lewe in geregtigheid nie. Dit word eers later in die openbaringsgeskiedenis duidelik gemaak.

Ek hoop dit is duidelik: Hier is geweldige vordering in die openbaarmaking van hoe die Here mense gaan red gedurende die periode van genadetyd. Hy gaan dit doen deur mense te roep. Die wat in Hom glo, sal geregtigheid ontvang wat Hy vir hulle gaan bewerk deur die offer van 'n Plaasvervanger. Hy verwag dan dat hulle in geregtigheid voor Hom sal leef – sodat die skepping so gevul kan word met Sy heerlikheid.

Toe ons in Maartmaand begin het met die studie in Genesis, het ek aangedui ek beplan nie noodwendig om deur die hele boek Genesis te werk nie. Ek het gesê ek sou ten minste tot by Gen 22 wou werk – wel ons het nou tot by Gen 25 gevorder. Een van die doelwitte was om ons juis te verdiep in die verbonde van die Here wat in die eerste gedeelte van Genesis bespreek word. Wel, ons het gekyk na die skeppingsverbond, die verbond met Adam na die sondeval, die verbond met Noag en ook die verbond met Abraham. Ek beplan dus om vir nou te volstaan met ons bestudering van Genesis. Ek wil graag voortgaan om vervolgens te gaan kyk na die ander drie belangrike verbonde wat in die Bybel bespreek word: die Sinaiverbond, die verbond met Dawid en die nuwe verbond.

Dit is ook so dat ons bykans by die einde van die jaar is. Hierdie is dus die laaste preek wat ek hierdie jaar gaan versprei. Ek beplan om gedurende die tweede week van Januarie weer te hervat met die verspreiding van 'n weeklikse preek. Ek beplan om dan aandag te begin gee aan die Sinaiverbond.

Ek vertrou die studie in Genesis was stimulerend, en tot eer van die Here. Ek wil julle almal 'n geseënde Kersfees toewens. Mag julle opnuut vreugde vind in die geregtigheid wat die Here Jesus as ons Plaasvervanger vir ons kom bewerk het.